

Maandag 14 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 69

Fokusgedeelte: Psalm 69:17, 18

Die Here vergeet nie sy mense wat beledig word nie

Is jy al in jou lewe ter wille van jou geloof in God beledig of verkleineer (vs 8)? Dalk het dit nog nie met jou gebeur nie, maar dit is iets wat al meer en meer met God se mense gaan gebeur.

Daarom is Psalm 69 so belangrik, want dit vertel hoe dit met Dawid gebeur het. Diegene wat hom bespot en verkleineer, het nie eintlik enige bewyse teen hom nie (vs 5). Hy wil net graag die Here dien. Hy ervaar al die beledigings en aanslae omdat hy op God vertrou (vs 8), omdat hy die huis van die Here liefhet (vs 10), omdat hy gevas en gehuil het en rouklere aangetrek het (vs 11, 12). Dit alles was vir Dawid baie erg. Daarom beskrywe hy dit as 'n wegsak in diep modder, as 'n gespartel in diep water en as 'n hulpeloosheid in 'n diep put (vs 3, 16).

Twee dinge was vir Dawid baie moeilik om te verwerk. Die een is dat hy baie lank tot God om hulp gebid het, maar dit het vir hom gevoel of God net stilgebly het en hom alleen gelaat het (vs 4, 18). Die ander is dat hy gehoop het dat sy medegelowiges hom sou ondersteun het, maar daar was nie een nie (vs 21).

In sy eerste brief skryf Petrus (1 Pet. 2:18-23) oor hoe Christene hierdie valse spot en beledigings moet verwag juis omdat hulle aan God getrou wil wees. Dit het met Jesus gebeur, maar: "Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel" (vs 23).

Hierdie voorbeeld van Christus moet ons navolg. Ja, in sy frustrasie, moedeloosheid en kleingeloof roep Dawid na God se oordeel (vs 23-29), maar ons lê alles in die hande van die Regter wat eendag sal kom. Aan die einde is daar by Dawid sekerheid en hoop (vs 31-37), want God vergeet nie sy mense wat beledig word nie.

Sing: Psalm 42-1:3

Dr. SJ van der Walt (Kobus) (Emeritus)